

## Saterdag 16 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 13:1-14**

**Fokusgedeelte: Josua 13:1**

### **Voltooi die werk wat God ons gee**

“Josua was al baie oud” – so begin die Skrifgedeelte. En die Here beaam die feit. Baie mense dink dat wanneer jy oud is, jy oor die muur is. Daar is nie veel meer wat jy kan doen nie. Maar nie die Here nie. Hy hou nie op praat wanneer dit by Josua se ouderdom kom nie – Hy gaan voort met ’n opdrag: “Daar is nog ’n groot deel van die land wat in besit geneem moet word.”

Dit is belangrik dat al die werk wat God vir ons gee, voltooi moet word. In die volgende verse sê Hy presies watter gedeeltes van die land nog verdeel moet word, met gepaardgaande beloftes. Ons weet dat Josua sy lewe lank aan God gehoorsaam was en dat hy aan die Israeliete ’n voorbeeld gestel het van wat dit behels om op God te vertrou.

So vertel die Ou Testament van baie gelowiges wat op God se beloftes vertrou het, maar dit was veral Jesus wat met sy lewe en sterwe God se opdrag enduit gevoer het. Met sy sterwe aan die kruis, beaam Hy: “Dit is volbring!”

Vir ons as gelowiges is die opdragte van God belangrik – soos die een om dissipels van al die nasies te maak. Maar vertrou in God beteken nie dat die opdrag by ons ophou nie, en dat ons daarom seker moet maak dat die voltooiing van die taak oorgedra word aan die volgende geslag. In Josua 24:31 lees ons: “Israel het die Here bly dien tydens die lewe van Josua en tydens die lewe van die leiers wat vir Josua oorleef het en alles ervaar het wat die Here vir Israel gedoen het.”

*Sing: Psalm 119-1:12, 13*

*Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg-Suid)*